



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## BESIGHEIDSTUDIES

## FEBRUARIE/MAART 2011

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die leeruitkomste.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE VERPLIGTE vrae.
   AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die vier vrae uit hierdie afdeling.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

4. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

5. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydtoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| **A: Meervoudigekeuse-vrae, Woorde tussen Hakies, Pasitems VERPLIGTEND** | **1** | **40** | **30 min.** |
| **B: DRIE direkte vrae VERPLIGTEND** | **2** | **60** | **30 min.** |
| | **3** | **60** | **30 min.** |
| | **4** | **60** | **30 min.** |
| **C: Opstelvrae Beantwoord enige TWEE van die vier vrae.** | **5** | **40** | **30 min.** |
| | **6** | **40** | **30 min.** |
| | **7** | **40** | **30 min.** |
| | **8** | **40** | **30 min.** |
| **TOTAAL** | | **300** | **180 min.** |

6. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld: VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.

7. Sakrekenaars mag gebruik word.

8. Skryf leesbaar en bied jou werk netjies aan.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 B.

1.1.1 'n Besigheidsonderneming het geen kontrole oor die … nie.

A mikrobesigheidsomgewing
B werknemers
C makrobesigheidsomgewing
D bemarkingsfunksie

1.1.2 Hierdie Wet voorsien besigheidsondernemings van inligting oor die nie-betaling deur kliënte:

A Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003)
B Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997)
C Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)
D Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005)

1.1.3 Watter EEN van die volgende is 'n voorbeeld van 'n tersiêre sektor?

A Bankwese
B Boerdery
C Bosbou
D Mynwese

1.1.4 Pravin belê R40 000 in 'n spaarrekening by Standard Bank vir een jaar teen 'n rentekoers van 8% p.j. Watter EEN van die volgende bedrae verteenwoordig die eenvoudige rente wat deur Pravin verdien word na een jaar?

A R40 000
B R43 200
C R3 200
D R3 500

1.1.5 Maak voorsiening vir die betaling van kraamvoordele aan bydraers:

A Padongelukkefonds (POF)
B Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (WVBS), 1993 (Wet 130 van 1993)
C Kinderwelsynsgenootskap
D Werkloosheidversekeringsfonds (WVF)

1.1.6 Dit word as professionele en etiese besigheidspraktyk beskou:

A Trek belasting af en betaal dit maandeliks aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID)
B Verkoop vervalste ingevoerde goedere
C Bemark goedere met gebruik van jou mededinger se handelsnaam
D Betaling van onbillike lone

1.1.7 Die regering hef boetes op besighede wat skadelike stowwe in riviere en damme stort. Dit is een manier waarop die regering … kwessies hanteer.

A inklusiwiteits-
B omgewings-
C menseregte-
D geslags-

1.1.8 'n Faktor wat ontmoedig moet word wanneer 'n loopbaan gekies word:

A Leerderskappe
B Tersiêre studie
C Selfindiensneming
D Wag om graad 12 te slaag

s

1.1.9 Die finale stap in die konflikresolusieproses staan as ... bekend.

A arbitrasie
B onderhandeling
C versoening
D afdanking

1.1.10 Kan gebruik word om die welstand van 'n werknemer, wat aan dwelmmiddels verslaaf is, te verbeter:

A Promosie
B Summiere ontslag
C Rehabilitasie
D Verlaag sy/haar salaris (10 x 2) (20)

Kopiereg voorbehou 

1.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Besigheidsdata wat via die internet verkry is, word (geskrewe/elektroniese) inligting genoem.

1.2.2 (Konsentriese/Konglomeraat-) diversifikasie ontstaan wanneer 'n besigheid met 'n ander onderneming in 'n totaal verskillende industrie saamsmelt of dit oorneem.

1.2.3 Die (Leëstoel-/Delphi-) probleemoplossingstegniek behels die inwin van deskundige mening om 'n besluit te neem.

1.2.4 (Porter se Vyf Kragte/King se Kode) is ingestel om koöperatiewe bestuur te versterk as gevolg van die voorkoms van korrupsie en onetiese besigheidspraktyke.

1.2.5 (Leierskap/Bestuur) verwys na 'n proses om werknemers te beïnvloed om presteerders in die uitvoering van hul pligte te word.

(5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 H.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Green Peace | A hanteer werkgewer-/werknemer-griewe |
| 1.3.2 Armoede | B maandelikse betaling om teen verliese te vrywaar |
| 1.3.3 Fisiese hulpbronne | C voorbeeld van 'n vakbond |
| 1.3.4 Premie | D bestaan uit markwaarde van versekerbare items |
| 1.3.5 KVBA | E organisasie wat omgewingsake beveg |
| | F vererger deur werkloosheid en hoë voedselpryse |
| | G bestaan uit geboue en toerusting |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B (VERPLIGTEND)

### VRAAG 2

2.1 Noem enige VYF pilare van BBSEB. (10)

2.2 Beskryf enige VIER hoofdoelwitte van elk van die volgende wette:

2.2.1 Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-Owerheid, 1995 (Wet 58 van 1995) (8)

2.2.2 Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) (8)

2.3 Noem enige VYF klousules of aanbevelings uit King se Kode vir Beste Praktyke. (10)

2.4 Bevoordeel korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid gemeenskappe? Gebruik voorbeelde om jou antwoord te ondersteun. (6)

2.5 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TINY TOTS SPEELGOEDFABRIEK**

Lawrence Mfundo is die algemene bestuurder van 'n fabriek wat 'n verskeidenheid goeie gehalte speelgoed vervaardig. Dit is in die Oos-Kaap geleë. Hulle speelgoed word plaaslik en internasionaal suksesvol bemark.

Die fabriek gebruik moderne masjinerie en toerusting in die vervaardigingsproses. Die fabriek het 'n relatief klein menslikehulpbron-departement met geen berading- en ondersteuningsdienste vir werkers nie.

Lawrence Mfundo het in die plaaslike koerant van die probleem met MIV/Vigs en werkloosheid in die plaaslike gemeenskap gelees. Die artikel noem dat ongeveer 30% van die mense in die plaaslike gemeenskap moontlik MIV-positief is, dat meer as 40% werkloos is en dat misdaad toeneem.

2.5.1 Jy moet Lawrence Mfundo help om 'n SWOT-ontleding van Tiny Tots Speelgoedfabriek op te stel. (8)

2.5.2 Gebruik die inligting in die SWOT-ontleding om strategieë as teenvoeter vir die uitdagings te ontwikkel. (6)

2.6 Onderskei tussen *markindringing* en *markontwikkeling* as intensiewe strategieë. (4)
**[60]**

**VRAAG 3**

3.1 Noem enige VIER funksies van 'n vakbond. (8)

3.2 Beskryf hoe die verdeling van winste van 'n eenmansaak, beslote korporasie en openbare maatskappy die sukses van 'n besigheid kan beïnvloed. (12)

3.3 Lees die dialoog hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

| | |
|---|---|
| Penny: | Hi! Wat het gebeur! Jou hare is nie gekam nie en dit lyk asof jy nie geslaap het nie. |
| Tom: | Ja, ek voel neerslagtig. Ek het 'n aanbieding gedoen en binne 15 minute het almal uitgeloop in plaas daarvan om die volle twee uur daar te sit. |
| Penny: | Waarom? Vertel my meer. |
| Tom: | Die ***aanbieding*** was oor 2009 se finansiële prestasies maar ek kon net oor my familie praat. Ek was bekommerd maar het nie geweet wat om te doen nie. |

3.3.1 Gee TWEE redes, uit die dialoog, waarom die gehoor uitgeloop het. (4)

3.3.2 Gee Tom raad oor wat hy moet doen om so 'n situasie in die toekoms te voorkom. (10)

3.4 Sibongile werk by ABC Fabriek Bpk. Sy werk 'n vyfdag-werkweek. Haar vergoeding is op die volgende gebaseer:

(a) Werksure is 8 uur per dag.
(b) Die normale betalingstarief is R60 per uur.
(c) Sibongile werk drie ure oortyd gedurende die week.
(d) Die tarief vir oortydbetaling is 1,5 keer die normale tarief.
(e) Aftrekkings vir die week is soos volg: inkomstebelasting R320, WVF R26,70, personeel- sosiale klub R15 per week.

3.4.1 Bereken Sibongile se bruto loon vir die week. Toon ALLE berekenings. (6)

3.4.2 Bereken Sibongile se netto loon vir die week. Toon ALLE berekenings. (4)

3.5 Bespreek hoe die kwaliteit van die uitvoer van die volgende besigheidsfunksies die sukses van die onderneming sal verseker:

3.5.1 Bemarkingsfunksie (4)
3.5.2 Risikobestuur (4)

3.6 Evalueer die aftreeannuïteit (AA) as 'n beleggingsmoontlikheid. (8)
**[60]**

**VRAAG 4**

4.1 Noem, in breë trekke, enige SES stappe wat die bestuur moet volg om probleme in die werkplek op te los. (12)

4.2 Noem die VYF kragte, soos deur Michael Porter geïdentifiseer, wat gebruik kan word wanneer die markomgewing van 'n besigheid ontleed word. (10)

4.3 Wanneer die applikant gekies is en hy/sy die pos aanvaar het wat aangebied is, moet hy/sy 'n indiensnemingskontrak teken.

4.3.1 Beskryf die begrip *indiensnemingskontrak*. (2)

4.3.2 Noem enige VIER voorwaardes wat in die indiensnemingskontrak gestipuleer sal wees. (8)

4.4 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**LPJ BOEKHANDELAAR BPK.**

LPJ Boekhandelaar Bpk. bestaan uit 36 aandeelhouers en twee direkteure. Hulle voldoen aan BBSEB-vereistes en het 'n tender by die Departement van Onderwys bekom om in 2011 handboeke te druk en aan skole te lewer.

Die direkteure wil 'n groter dividend verklaar en uitgawes verminder deur die aflegging van 15 werknemers.

Pinky Zulu is een van die werknemers wat geraak word.

Gee VIER redes waarom die werkplekforum Pinky Zulu teen aflegging sal adviseer. (8)

4.5 Onderskei tussen *outokratiese* en *charismatiese* leierskapstyle. (8)

4.6 Verduidelik die volgende kwessies wat 'n uitdaging bied vir etiese en professionele gedrag in die besigheidsomgewing en doen aanbevelings vir die verbetering daarvan. Gebruik voorbeelde om jou antwoord te ondersteun.

4.6.1 Onbillike advertering (6)

4.6.2 Misbruik van werktyd (6)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

## AFDELING C

**Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

LET WEL: Skryf slegs die VRAAGNOMMER neer. Die antwoord op ELKE VRAAG moet op 'n NUWE BLADSY begin, byvoorbeeld VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

### VRAAG 5

Geskoolde arbeid is 'n ernstige uitdaging vir die besigheidsomgewing in Suid-Afrika. Die regering het die Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998) ingestel om die vaardigheidstekort te hanteer.

Bespreek die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (VOW), 1998 (Wet 97 van 1998) deur na die doel daarvan, befondsing en die benutting van die vaardigheidsheffing te verwys. Jy moet ook die rol van SETA's in vaardigheidsontwikkeling bespreek. Dink jy dat die Wet op Vaardigheidsontwikkeling aan die doelwitte daarvan voldoen? Motiveer jou antwoord. **[40]**

### VRAAG 6

Thabo Mhlongo werk tans by die Kaapstadse munisipaliteit. Hy het R100 000 in sy bankrekening wat hy gespaar het. Thabo wil uit sy huidige betrekking bedank en sy eie besigheidsonderneming, Thabo se Spysenieringsdienste, begin.

Bespreek die entrepreneurseienskappe wat Thabo moet hê. Jy moet ook verduidelik hoe winsgewindheid, volhoubaarheid en 'n goeie kliëntebasis sal bydra tot die sukses van Thabo se Spysenieringsdienste. Beveel aan of Thabo in sy huidige pos moet aanbly of nie. Motiveer jou antwoord. **[40]**

### VRAAG 7

Dit is nie maklik om 'n groep uiteenlopende individue bymekaar te kry om as span saam te werk nie. Bestuurders moet verstaan dat om van individuele werk na spanwerk te verskuif, 'n emosionele ondervinding is en werkers moet stap vir stap gemotiveer word om as span saam te werk.

Bespreek spanwerk in die werkplek deur na enige DRIE soorte spanne te verwys. Gee redes vir die gebruik van spanne en die kenmerke van suksesvolle spanne. Dui ook aan of spanwerk, in plaas van individuele werk, altyd deur bestuurders aangemoedig moet word. **[40]**

### VRAAG 8

Jy is die menslikehulpbron-bestuurder by SA Brouery Bpk. Jou produksiebestuurder het onlangs bedank.

Bespreek, in besonderhede, jou werwing-, seleksie-, plasing- en induksieprogram vir die nuwe produksiebestuurder. In die lig van huidige wetgewing, verduidelik kortliks DRIE kwessies wat oorweeg moet word wanneer die vakante pos gevul word. **[40]**

**TOTAL AFDELING C; 80**
**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou